# KATGRIEP STEEK KOP UIT

**Thabazimbi -** Katgriep, of *Parvo Enteritis*, is 'n hondesiekte wat hoogs aansteeklik is. Honde tot en met twee jaar oud, is vatbaar vir hierdie siekte, veral hondjies onder agt maande en honde wat nooit inentings gekry het nie.

By Medivet Diereklikniek is daar in Januarie twee tot vier gevalle per week aangemeld. *Hulle het ons meer ingelig oor die hondesiekte:*

Die warm weer met bykomstige reën is 'n groot oorsaak in die styging van hierdie siekte, sowel as die hoeveelheid jong hondjies wat nooit hulle inentings ontvang het nie.

Die woord 'katgriep' is bedrieglik. Die virus kom nie van katte af nie. Vroeër jare het mense geglo dat katte die siekte vir honde kan gee. Sommige mense glo ook dat die naam van die daad afkom wat hierdie siek honde doen, naamlik 'om 'n kat te skiet'.

Die waarheid is dat die *Parvo* virus 'n hoogs aansteeklike en taai virus is wat van hond tot hond oorgedra word deur middel van hulle uitskeidings. Die virus bly lewendig in uitskeidings wat op die siek hond se beddegoed en in die erf rondlê. Dit is baie moeilik om die virus uit te wis aangesien dit tot sewe maande in die omgewing, op beddegoed en op klere kan bly. Dit kan ook deur middel van die wind verskeie kilometers ver versprei.

Mense kan egter nie by honde aansteek nie. Die virus teiken vinnig-verdelende selle. Die vinnig-verdelende selle aan die binnekant van dermwande is die mees vatbaar vir die virus, selfs die limfkliere en beenmurg word ook aangeval. Wanneer die virus die dermwande beskadig, kan die hondjie se derms nie meer vog en voeding absorbeer nie. Bakterieë wat gewoonlik in die derms nie kwaadaardig is nie, migreer dan deur die stukkende wande na die hond se bloedstroom toe en veroorsaak ernstige sekondêre infeksie.

Die siekte is lewensgevaarlik vir honde en moet so gou moontlik behandel word. Tekens van die siekte sluit in 'n seer mag, waterige tot bloederige diarree wat vreeslik ruik, braking en 'n hondjie wat vreeslik siek en pap is.

Hondjies wat die tekens wys moet veearts toe gevat word vir 'n deeglike ondersoek. Die veearts sal dan met 'n volledige ondersoek beaam of dit moontlik katgriep kan wees en dit bevestig met 'n *snap* toets. Die toets tel die virus op in 'n uitskeidingsmonster.

Behandeling sluit antibiotika, binne-aarse voeding, medikasie om pyn en koors te beheer en verdere ondersteunende behandeling in, aangesien ontwatering en sekondêre infeksies selfs dodelik kan wees. Die siekte is soos 'n wip-plank en honde wat vandag beter lyk kan more doodgaan. Dis om hierdie rede wat dit baie belangrik is om die regte behandeling te bekom.

Voorkoming is altyd beter as genesing en alle honde moet ingeënt word. Die eerste inenting kan al op ses weke plaasvind waarna die honde opeenvolgende entings op nege en 12 weke ontvang om seker te maak die immuun stelsel sterk is. Daarna word die inentings jaarliks herhaal.

Indien die volgende afspraak vir 'n enting misgeloop word, word die proses van voor af begin. Entings moet jaarliks gegee word selfs al is die honde al oor twee jaar oud, aangesien die entings nie net katgriep voorkom nie, maar ook weerstand bied teen lewer virusse en ander siektes soos hondesiekte. Gedurende die tydperk wat die hond nog nie al die entings ontvang het nie, moet voorsorg getref word. Jong hondjies moet nie met ander hondjies in aanraking kom wat nie ingeënt is nie. Hou altyd die beddegoed skoon en tel alle uitskeidings op. Was met verdunde bleikmiddels of F10 produkte alle beddegoed, klere en vloere waar siek hondjies moontlik in aanraking was.




## 2 X PROPERTIES FOR SALE

3 BEDROOM HOUSE + VACANT STAND, KOSTER

R830 000



- 2 Adjoining properties
- 3 Bedroom house
- Borehole
- Water tank
- Approved building plans for 10 houses
- Large stands
- Separate storeroom
- Avocado tree

**Andreas Peens Property**
**Sinnelle Diedericks**
**Mobile:** 082 052 9492
**Email:** sinelled@andreaspeensproperty.co.za

## PLOT FOR SALE

3HA PLOT IN THE BOSCHFONTEIN AREA | 7KM FROM WATERFALL MALL

R2 970 000



- Stunning view of the mountains.
- 3ha Plot near Hunter's Rest
- 3 Bedroom House, 2 bath
- Fencing around the plot
- 1 x 1 Bedroom flat
- Borehole
- 4 Bungalows
- Swimming pool
- Flat and Bungalows need r&m
- Viewing strictly on appointment

**Harcourts**
**Mobile:** 076 834 1087
**Phone:** 014 594 5057
**Email:** janet.vdw@harcourts.co.za
**Web:** http://harcourts.rustenburg.co.za

https://www.privateproperty.co.za/for-sale/north-west/rustenburg/rustenburg-central/T2413008


# KUNSTEGROT MUSIEK EN KOMEDIE

**Thabazimbi** – Kom lag saam op Saterdag 8 Februarie by die KunsteGrot vir Wynand van Vollenstee en sy skreeusnaakse komedie van *Willie wil Wheelie*. Bring die hele familie saam - want dit is 'n kindervriendelike vertoning.

Jannie du Toit en Chanie Jonker sal op 14 Maart op die KunstGrot verhoog wees met *Die eggo van jou oë*, bring die jongelinge en kom luister saam.



Willie wil Wheelie.




Die ego van jou oë.


EIENDOMME PROPERTIES

**JF van Graan en vd Wateren**
**Eiendomme/Properties**
Tel: 014 777 1611/2 | 014 772 1770 (h)
Cell: 082 550 6649
**marina@vgvdwproperties.co.za**
Van der Bijlstraat/ street 61
Posbus/ PO Box 107 | Thabazimbi 0380




Marina van der Wateren

INDUSTRIEËLE GEBIED GROOT GEBOU - R18 000
KANTOOR RUIMTE TE HUUR (240M²) - R12 000 (BTW INGESLUIT) - ONDERHANDELBAAR

TE HUUR
3 SLPK, 3 BADK, OOPPLAN LEEFAREA, STUDEERKAMER, RUIM KOMBUIS, STOEP MET INGEBOUDE BRAAI - 6KM - R8 800 SEKURITEITSOORD - 3 SLPK, 2 BADK, OOPPLAN LEEFAREA, 2 MOTORHUISE - R8 800

TE KOOP THABAZIMBI



SEKURITEITSKOMPLEKS: 3 SLPK, 2 BADK, OOPPLAN LEEFAREA, 2 M/H, - R800 000.00



SEKURITEITSKOMPLEKS: 2 SLPK, 1 BADK, OOPPLAN LEEFAREA, 1 M/H – R680 000



4 SLPK, 2 BADK, SIT, EETKAMER, ONTHAALAREA, KOMBUIS, OPWAS, AFDAKKE, BRAAI-AREA, W/S BASIESE GERIEWE - R1 100 000

GROOT VERSKEIDENHEID PLOTTE, PLASE TE KOOP
VERSKEIE ERWE TE KOOP ASOOK IN ECO PARK VANAF R230 000 - R250 000
BOU JOU DROOMHUIS


# PRAGTIGE WONING

**Thabazimbi -** Baie ruim woning met vier slaapkamers, vier badkamers, oopplan leefarea, studeerkamer, aparte sitkamer en onthaalarea, ruim stoep, swembad, twee motorhuise, aparte waskamer, buitegeboue met eie badkamer, toegeruste boorgat en nog baie ekstra's.

**Skakel Marina vd Wateren by 082 550 6649 by JF van Graan & vd Wateren Eiendomme vir meer inligting.**



